Verwysing: 20210204-838
Lêerno.: 3/3/2/4/12
Navrae: Inbelsentrum

Strategiese Mensbestuursminuut: 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Prinsipale en alle Staatsdienspersoneel

Onderwerp: Die belangrikheid van opvoeders en staatsamptenare wat om toestemming aansoek doen om besoldigde werk buite die staatsdiens (BWBS) te verrig en besigheid met 'n staatsinstelling te doen

1. Artikel 33 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), artikel 30(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Wet 103 van 1994), en artikel 13(c) van die Staatsdiensregulasies, 2016 soos uitgereik in Staatskoerant Nr. 40167 van 29 Julie 2016, lig alle werknemers in aangaande hul verpligting om by die Hoof van die Departement om toestemming aansoek te doen, indien hulle besoldigde werk buite die staatsdiens wil verrig.

2. Werknemers wat nog nie vir goedkeuring aansoek gedoen het om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig nie, asook diegene wat van voorneme is om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig, moet onmiddellik hul aansoeke om sodanige werk te verrig, indien. Goedkeurings word per boekjaar (01 April tot 31 Maart van die volgende jaar) toegestaan en dus moet werknemers jaarliks vooruit aansoek doen.

3. Om toestemming te verkry, moet die aangehegte (hersiene) aansoekvorm voltooi en by die volgende adres ingedien word:

   Hoof: Onderwys
   Vir aandag: Direkteur: Strategiese Mensbestuur
   Wes-Kaap Onderwysdepartement
   Privaatsak X9114
   Kaapstad
   8000

   OF
   Stuur 'n e-pos aan: RWOPS.Applications@westerncape.gov.za

4. Paragraaf 13(c) van Deel 1, Hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, 2016, wat op 01 Augustus 2016 in werking getree het, verklaar dat 'n werknemer:
"nie sake met enige staatsinstelling sal doen of 'n direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy sal wees wat sake met 'n staatsinstelling doen nie, tensy sodanige werknemer in 'n amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is". Hierdie bepaling is *mutatis mutandis* van toepassing op werknemers wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), aangestel is.

5. Die gevolge vir werknemers wat direkteure van 'n openbare of privaat maatskappy is, en wat met 'n staatsorgaan sake doen, is in Strategiese Mensbestuursminuut 0001/2018 van 30 Januarie 2018, uiteengesit.

6. Werknemers wat direkteure van 'n publieke of privaat maatskappy is en wat steeds met 'n staatsorgaan sake doen, sal versoek word om dadelik uit die maatskappy te bedank of hul dienste binne die departement te beëindig.

7. Werknemers wie se persoonlike besonderhede gekoppel is aan 'n privaat maatskappy op die Register van Maatskappye en Intellektuele Eiendomskommissies en wat nie langer besoldigde werk buite die staatsdiens verrig nie, word vriendelik versoek om te verseker dat hulle behoorlik gederegistreer is.

8. Werknemers wat verplig is om hul finansiële belange te verklaar en aansoek gedoen het om toestemming om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig, moet toesien dat hulle 'n rekord hou van die brief wat hulle toestemming verleen om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig ten einde die brief op die *eDisclosure System* te laai.

9. Werknemers waarvoor bykomende besoldiging deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) voorsien word ten opsigte van, onder andere, matriekeksamennasieners, opleiers/fasiliteerders en onderwysers wat toesighoudende pligte by koshuise uitvoer, hoef nie aan die direktief in paragraaf 5 te voldoen nie, aangesien bykomende betalings ingevolge bestaande wetgewende bepalings gewaarborg word.

10. Versuiming om aan die bepaalde voorwaardes in hierdie minuut te voldoen, mag dissiplinêre optrede tot gevolg hê.

11. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel onder u toesig.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2021-03-07